SENTIMENT EN LIEFDE

Die feestyd met sy seënwense, geskenke en partytjies is weer iets van die verlede. 'n Mens hoor so dikwels van pas en onvanpas praat oor die "gees van Kerstyd" dat jy dit amper meer raakhoor. Wanneer jy egter probeer om hierdie "gees van Kerstyd" in te vul met die elemente wat die gebruikers van die uitdrukking ons aanreik, dan kom jy by 'n baie sentimentele betekenis. Dan gaan dit oor sake wat die betrokke persone 'n goeie gevoel moet gee, of wat gebaseer is op 'n algemene en humanistiese mensliewendheid. En dikwels betref dit sake waaraan die res van die jaar geen of veels te min aandag gegee word.

In die Kerstyd by voorbeeld, ontvang die straatkinders in baie stede van ons land plotseling veel meer aandag as in ander tye van die jaar. Kos en klere word uitgedeel en hulle ellendige bestaan kry selfs die aandag van die elektroniese media. Dan is hulle mos 'nuus'! Dan help hulle ellende om die sentimente te bevredig. Dan word daar vir 'n oomblik gefokus op die een slagoffer van 'n siekte, die een oorlewende van 'n ongeluk of dan word vir een keer aan 'n hele groep se bestaan aandag gegee. Kenmerkend is egter altyd die kortstondigheid. Sentimente of gevoelens, kom op en verdwyn weer. Tydens hulle kortstondige bestaan is hulle heftig en opreg, maar hulle verdwyn soos die branders aan die kus.

In hierdie soort medemenslikheid skuil 'n gevaar. Sentimente is op die mens gerig. Op slagoffer en helper. Die een se nood bring die ander tot hulpbetoon, maar eintlik is hulle mekaar wedersyds dankbaar. Die gedupeerde word materieel gehelp, maar die helper se gevoel van selfvoldaanheid word versterk. Natuurlik is daarmee nie alle hulpbetoon veroordeel nie, inteendeel. Die Here Jesus self het tydens sy lewe op aarde duidelike aandag aan siekes en ellendiges gegee. En sal sy voorbeeld dan nie werd wees om te volg nie? Inderdaad. Maar daar is twee belangrike verskille met die sentimentele "gees van die Kerstyd". In die eerste plek het Hy dit gedoen uit liefde tot God en uit liefde tot die mens en was dit nie op sy eie gevoelens gerig nie. En verder het Hy sy liefdebetoon nooit losgemaak van die veel groter verlossingswerk, naamlik die verlossing van die bron van alle ellende, die sonde.

Ons word dwarsdeur die jaar geroep tot ware liefdebetoon, nie tot sentimentele bewoënheid gedurende die Kerstyd nie. Ons liefdebetoon aan elkeen wat in nood verkeer is dienswerk in die groot verband van God se koninkryk. Die tyd van sentimentele eenmaligheid is weer verby, die permanente liefdediens duur voort. Mag die kerke en die lidmate ook hierin geken word as 'n soutende sout. Laat die verkondiging van die heil hand aan hand gaan met opregte naasteliefde.

dr JW Meijer

OPWEKKINGS VAN GEES

ds Arjan de Visser

"… het die Here die gees van Kores, die koning van Persië, opgewek…" (Esra 1:1)
"Toe het die familiehoofde van Juda en Benjamin klaargemaak, en die priesters en die Leviete – elkeen wie se gees God opgewek het om op te trek…" (Esra 1:5)

In die eerste hoofstuk van Esra word twee maal gepraat van 'n opwekking van gees. In beide gevalle is dit die Here wat dit doen. In die een geval is dit 'n ongelowige koning, en in die ander geval is dit die leiers van die Israeliete in ballingskap.

Die opwekking van koning Kores se gees is 'n merkwaardige gebeurtenis. Die Here het sy gees opgewek om te besluit om die Jode te laat terugkeer na Jerusalem toe. Vanuit die perspektief van die Persiese politiek was daar niks besonders aan hierdie feit nie. Dit was heeltemal in lyn met Kores se beleid ten opsigte van volke wat deur die Babiloniërs onderwerp was. Waar die Babiloniërs leiers van onderworpe volke in ballingskap gestuur het om die moontlikheid van opstande kleiner te maak, het Kores het besluit om die leierskap van onderworpe volke te laat terugkeer na hulle eie gebiede toe.
Die terugkeer van die Joodse leiers na Jerusalem was dus niks buitengewoon nie. Dit was deel van Kores se politieke beleid. Tog sê die Skrif dat dit die werk van God was: Die HERE het die gees van Kores, die koning van Persië, opgewek om so te besluit (1:1). Sonder dat die koning dit besef het, was hy daardeur 'n middel in die Here se hand. Dit laat 'n mens dink aan die keer toe die keiser van Rome besluit het om 'n volkstelling te hou (Lukas 2). Dit was ook 'n middel in die hand van die Here, naamlik om 'n verwagtende vrou na Betlehem te bring sodat die Skrifte vervul sou word en die Verlosser in die stad van Dawid gebore sou word.

Dit is 'n bemoediging om te weet dat die Here die gees van konings en presidente kan beweeg om besluite te neem wat die koms van Sy koninkryk bevorder. Dit mag wees dat 'n regering 'n politieke beleid volg wat heeltemal op humanistiese beginsels gegrond is, terwyl die Here dit so lei dat die groei van die kerk daardeur bevorder word. Maar nie net dit nie. Die Here kan selfs die harte van konings en presidente beweeg om sekere besluite te neem wat die koms van Sy koninkryk bevorder.

Is dit nie 'n bemoediging nie? Die Here is in beheer. Hy kan die hart van ons president Thabo Mbeki in beweging bring om besluite te neem wat die koms van God se koninkryk bevorder, of Mbeki dit nou besef of nie besef nie. "Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil (Spr. 21:1)." Kom ons bid ook gereeld dat die Here dit daadwerklik sal doen.

Daar word in Esra 1 verslag gedoen van nog 'n ander opwekking van gees. As die Here iets groots wil doen, werk Hy dikwels op verskillende fronte. Toe die Here koning Kores se gees opgewek het, het Hy ook die gees van die leiers van die Jode in ballingskap in beweging gebring. Toe Kores sy proklamasie uitgevaardig het dat die Jode kon terugkeer na Jerusalem, was daar in die harte van die Jode 'n begeerte om terug te keer na Jerusalem toe. Ons moet besef dat dit nie vanselfsprekend was nie! Die Jode was reeds 70 jaar in ballingskap. Daar was reeds 'n derde generasie van die Jode in Babel. Normaalweg is die verlange na die ou vaderland dan nie meer daar nie. Maar as die Here besluit om in te gryp in die loop van die wêreldgeskiedenis, dan wek hy die gees van mense op om daaraan diensbaar te wees. Die Jode in ballingskap was 'ryp' om deel te neem aan die uitvoering van die Here se plan. Dit laat 'n mens dink aan die woord van die apostel Paulus: "Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae." (Fil. 2:13)

Laat dit ons begeerte en gebed wees dat die Here ons gees sal opwek om dinge te onderneem wat diensbaar is aan die koms van sy koninkryk. As dit ons eie drange en ideale is wat ons aanspoor tot aksie, is dit alles sonder waarde en selfs kontra-produktief. Maar as die Here ons opwek tot aksie, dan pas dit in in sy plan.

Terwyl ons 'n nuwe jaar ingegaan het, mag ons ons laat bemoedig deur die wete dat die Here in die hart en gees van mense werk. Dit geld vir gelowiges, en selfs vir ongelowiges!

DIE SINODE VAN DIE *FREE REFORMED CHURCHES OF AUSTRALIA*

ds C Kleijn

Die laaste tyd is daar steeds meer kontakte tussen die Free Reformed Churches in Australia (FRCA) en die VGKSA. Daar word baie gereis tussen die twee lande. Ons is slegs gemiddeld tien ure vlieg van mekaar verwyder. Ons het afgevaardigdes na mekaar se sinodes gestuur. Ons is beide klein kerkverbande met 'n emigrante agtergrond. Vorige jaar, van 3 tot 15 Julie, het die sinode van die FRCA in Albany vergader. Wat het hulle besluit? Kom ons kyk na die belangrikste besluite van die sinode.

Launceston

In sy openingswoord het die voorsitter van die sameroepende kerk, ds J Poppe, enkele belangrike gebeurtenisse sedert die vorige sinode gememoreer. Die kerkraad van Launceston kon die leergeskille met ds FJ van Hulst nie oplos nie. Uiteindelik het die kerkraad hom geskors en afgesit. Ons broeders en susters in Tasmanië het 'n baie moeilike tyd beleef. Inmiddels het proponent BA Zuiddam die beroep van die gemeente van Launceston aanvaar en is ds J Kroeze in die gemeente van Legana bevestig. Sedert die laaste sinode is ook 'n ander gemeente geïnstitueer, die gemeente van West Kelmscott. Ds A Veldman van Albany het die beroep van die nuwe gemeente aanvaar.

Die eerste belangrike taak van die sinode was die preekondersoek van proponent BA Zuiddam. Die buitengewone sinode in Maart 2000 het die ondersoek van die ander onderdele van sy finale eksamen reeds voldoende bevind. Die sinode was nou tevrede met sy preekvoorstel. Daarmee is die pad oopgemaak vir sy bevestiging as predikant in Launceston.

Klassis ingestel

Reeds jare lank was daar in die kerke die begeerte om meer gereeld as kerke saam te kom. Om een keer per twee jaar op 'n sinode saam te kom, is as te min ervaar. Om die afwesigheid van klassisse enigsins op te vang, het die kerke in die verlede klassis-kerke ingestel. Dit moes veral as 'n beroepsinstansie funksioneer. Helaas was die instelling van klassis-kerke nie voldoende om die klassis te vervang nie. In werklikheid het die kerke nog slegs een keer per twee jaar vergader. Vanweë die groot afstande tussen die twee kerke op Tasmanië en die kerke in Wes-
Australië was dit egter moeilik om met 'n bevredigende oplossing te kom. Na 'n ruime bespreking het die sinode besluit om nou tog twee klassisse te formeer. Klassis Noord bestaan uit die gemeentes van Kelmscott, Mt Nasura, West Kelmscott, Legana en Launceston, terwyl Klassis Suid uit die kerke van Armadale, Byford, Rockingham, Albany en West Albany bestaan. Vanweë die groot afstande is besluit dat die klassis ten minste elke ses maande (i.p.v. elke drie maande) persoonlik sal vergader. Bowendien besluit die sinode om voortaan elke derde jaar te vergader, in die plek van elke tweede jaar. Solank as daar slegs twee klassisse is, sal elke klassis 4 predikante en 4 ouderlinge na die sinode afvaardig.

Na aanleiding van 'n voorstel van die kerk van Mt Nasura, neem die sinode ook 'n besluit oor inheemse (missionêre) bedienaars van die Woord. Wanneer daar in die oorsese sendingwerk plaaslik broeders beskikbaar is om predikant te word, het hulle meestal nie 'n teologiese opleiding by een van die susterkerke ontvang nie. Die pad na die predikantskap is nou oop, noudat die sinode besluit het dat sulke broeders na 'n klassikale eksamen toegelaat sal word tot die amp van predikant, maar dat hul taak beperk sal wees tot die gebied waarin hulle inheems is.

Kontakte met susterkerke

Wat die kontakte met die susterkerke in die buiteland betref, het die sinode besluit om die kerklike korrespondensie voort te sit met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, die Presbiteriaanse Kerk in Korea (Koshin), die *Canadian Reformed Churches*, die Indonesiese Gereformeerde Kerke (GGRI) en die Gereformeerde Kerke in Nederland vrygemaak (GKNv). Daarby het die sinode ook uitgespreek dat dit wenslik sou wees om 'n afvaardiging te stuur na elke tweede sinode van die VGKSA. As rede daarvoor word genoem dat beide die FRCA en die VGKSA klein kerkverbande is met baie uitdagings in hierdie moderne wêreld. Die besoek van ds Viljoen aan Australië in 1998 en die resente besoek van ds C Bouwman aan die Sinode van Bethal het gewys dat ons mekaar kan ondersteun en van mekaar kan leer. Bowendien, is die VGKSA as 'n historiese susterkerk van die FRCA geografies die mees naby. Tydens die tweede week van die sinode was twee afgevaardigdes, ds JA Boersema en ds R ter Beek, namens die GKNv aanwesig. Die sinode het besluit om volgens die korrespondensiereëls sekere sorge oor ontwikkelings in die GKNv met die deputate van die GKNv te bespreek en die eie deputate te magtig om die volgende sinode van die GKNv te besoek.

Kontakte met binnelandse kerke

Met betrekking tot die *Presbyterian Church of Eastern Australia* ('n kerkverband waarmee die Gereformeerde Kerke in Nederland reeds 'n susterrelasie het) het die sinode van 1998 besluit om verklarings oor die toelating tot die heilige Nagmaal en tot die kansels en oor die kinders in die verbond aan die PCEA voor te lê. Die sinode

het die PCEA 'n susterrelasie aangebied indien die PCEA sou kan saamstem met die verklarings. Die PCEA het nog nie sy instemming met die eerste twee verklarings betuig nie. Die sinode het daarom deputate benoem om te sien of die PCEA nog bereid is om die verklarings op grond van die Skrif en ons gemeenskaplike belydenis te bespreek.

Die sinode het besluit om opnuut deputate te benoem om 'n beroep op die *Christian Reformed Churches of Australia* (voorheen die *Reformed Churches of Australia*) te doen betreffende resente besluite oor vroue in die amp van diaken, kinders aan die nagmaal, die nie-bindende aard van die Kerkorde en oor die feit

a. Die RCNZ aan te spoor om die beroep wat op die *Christian Reformed Churches of Australia* ('n susterkerk van die RCNZ) gedoen is, te bestudeer sodat hulle kan verstaan waarom die FRCA prinsipiële besware het om 'n kerklike relasie met die CRCA aan te gaan en waarom dit 'n verhindering bly vir 'n susterkerk relasie met die RCNZ;
b. Die dialoog met die RCNZ voort te sit oor sake van gemeenskaplike belang;
c. Twee afgevaardigdes na die volgende sinode van die RCNZ te stuur;
d. Afgevaardigdes van die RCNZ na die volgende sinode uit te nooi;
e. Die kerke op die hoogte te hou van die ontwikkelinge binne die RCNZ.

Slot

Na nege dae van intensiewe arbeid het die voorsitter die sinode afgesluit met die woorde van Judas 23,24: "Aan Hom wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen."

dat die klassis Tasmanië ds FJ van Hulst geëksamineer en toegelaat het tot hul kansels.

Kontakte met kerke in Nieu-Seeland

Tydens die tweede week van die sinode was ds M Flinn as waarnemer van die *Reformed Churches of New Zealand* (RCNZ) aanwesig. Die sinode het ruim die tyd geneem om die verhouding tot die RCNZ te bespreek. Die kerk van West Albany het die sinode voorgestel om die RCNZ as ware kerk van Christus te erken en om 'n broederlike verhouding met hulle aan te gaan. Hierdie verhouding sou anders as 'n susterkerk verhouding wees en die aanvaarding van mekaar se attestate omvat. Uiteindelik het die sinode in prinsipe saamgestem met die voorstel van West Albany, maar besluit om die uitvoering daarvan uit te stel tot die volgende sinode. Dit sou die deputate die geleentheid bied om (1) te sien of die RCNZ so 'n verhouding met die FRCA sou aangaan; (2) die reaksies vanuit die kerke te evalueer aangesien die voorstel van West Albany net voor die sluitingsdatum aan die kerke gestuur is; en (3) te oorweeg watter veranderings aangebring sal moet word aan die Kerkorde en ander kerklike reëls betreffende die aangaan van broederlike relasies. Dit is immers 'n nuwe vlak van relasies in die FRCA. Die sinode het deputate benoem met die opdrag om:

HOE LEES ONS DIE BYBEL? (I)

ds Rob Visser

Daar is in Kompas al verskeie kere aandag daaraan gegee dat mense krities met die Bybel omgaan. Hierdie kritiese manier van Bybellees verwoes die lewe met die HERE en maak God tot 'n leuenaar. As ons hierdie manier van Bybellees veroordeel, beteken dit nog nie dat die wat Skrifgetrou wil wees die Bybel altyd reg gebruik nie. Dit is belangrik om saam na te dink oor die gebruik en toepassing van die Bybel sodat ons die gevare van 'n goed bedoelde maar verkeerde Skrifgebruik raak kan sien. Ek wil twee artikels skryf wat op 'n praktiese manier positiewe aanwysings gee, sodat die Bybellees gestimuleer kan word.

Waar begin Bybellees?

God se kinders wil hulle Vader in die hemel leer ken. Om die Drie-enige God te ken is dit nodig om die Bybel te ken. Daarin lees ons wat die HERE gedoen en gesê het. Daar lees ons hoe Hy vandag sorg en regeer en hoe Hy wil hê ons as sy kinders moet

1. Die Bybel was nie in boekvorm beskikbaar nie. Daar was net enkele eksemplare beskikbaar. Dit was 'n baie groot werk om die Bybel met die hand oor te skryf. Toe die Here Jesus op aarde was, was die Ou Testament wat uit baie boekrolle bestaan, net in die sinagoges aanwesig. Later was dit moontlik om die Bybel op papier te skryf en was dit nie meer nodig om baie boekrolle te gebruik nie. Die gevolg daarvan was dat die Bybel in een boek geskryf kon word. Dit het nog steeds baie lank gevat om 'n Bybel oor te skryf en daarom was 'n Bybel ook baie kosbaar. Die gevolg was dat alhoewel die Bybel in hanteerbare vorm verkrygbaar was, dit vir baie min mens bekostigbaar en toeganklik was. Eers na die uitvinding van die boekdrukkuns het dit anders begin word. Dit was omtrent 1500 na Christus.
2. Baie mense kon nie lees nie en was afhanklik van die voorlees deur ander. 'n Mens besef ook dat die oordink van God se Woord in daardie tyd 'n groot plek ingeneem het. Ons lees in die Ou Testament geen oproep vir elkeen om die Bybel reëlmatig te lees nie. Ook in die Nuwe Testament lees ons nie so 'n oproep nie. Dit is logies want baie mense kon nie lees nie en hulle kon geen Bybel bekostig nie.

Omdat dit die situasie was word in die Bybel veral klem gelê op die oordenking van die Woord.

a. As Adam en Eva in die paradys gesondig het, spreek die HERE vir Adam as die eerste verantwoordelike persoonlik aan. Hy sê dan: "Waar is jy?". (Gen 3:9)

lewe. Daar lees ons hoe die geskiedenis funksioneer en wat die doel van die geskiedenis is. Daar leer ons Jesus Christus ken want die Skrifte getuig van Hom! Lees maar Joh. 5:39,40.

Ons sou nog baie meer dinge kon noem. Waar begin die kennis van Sien vir die oordink van die Woord: Jos. 1:8; Psalm 1:2; Psalm 119:99; Psalm 143:5.

Die voorreg wat ons het om die Bybel elke dag te kan lees moet deur ons gebruik word. Die lees en oordink behoort nog altyd by mekaar. Hoe belangrik is dit om in jou persoonlike Bybellees steeds weer te vra wat dit wat jy gelees het beteken. Dit is belangrik om daarvoor tyd te neem. Dit sal ook die gebedslewe ryker maak.

Is persoonlike Bybelstudie nodig?

As 'n mens oor hierdie vraag wil praat, moet jy ook vra of persoonlike geloof en geloofsbelewing nodig is. Is dit reg om van persoonlike geloof en geloofsbelewing te praat? Sou dit nie beter wees om by die gesamentlike te begin nie?

Is die geloof in die eerste plek persoonlik? Is dit nie 'n verloëning van die verbond nie?

In die eerste plek is geloof verseker persoonlik. 'n Mens wat geen persoonlike geloof en geen persoonlike omgang met die HERE het nie, het geen geloof en geen gemeenskap met God nie. Onpersoonlikheid behoort nie by die Christelike geloof nie. Dit gaan juis oor die omgang met, en die geloof in die Drie-enige God as persoon. Dit is 'n lewende omgang! Ons glo nie in 'n boek nie, ons glo nie in die verbond nie, ons glo nie in die kerk nie. God in ons lewe?

By die persoonlike lees en oordink van God se Woord. Ons lewe in 'n tyd waar ons baie bevoorreg is. Die broers en susters in Bybelse tyd kon nie elke dag die Bybel lees nie. Daarvoor was twee redes:
Ons glo in die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die persoonlike element kom ook duidelik in die Tien Gebooie en die Apostoliese Geloofsbelydenis na vore. Die HERE gee sy wet vir sy volk en spreek dan elkeen persoonlik met die woordjie **jy** aan. Die Apostoliese Geloofsbelydenis begin met die woordjie **ek**. As 'n mens met hierdie geloofsbelydenis saam met die kerk van alle tye sy geloof bely, bely hy dat hy dit ook persoonlik glo.
Die geloof, die lewe met Christus mag nie buite ons persoonlike geloof, buite ons hart staan nie. Die HERE wys telkens weer hoe Hy 'n mens persoonlik soek, hoe hy die mens se hart soek.

Die HERE soek jou persoonlik

'n Mens kan nie agter die gemeenskap, agter die kerk wegkruip nie. Ook nie as dit gaan oor die groei in kennis van die Bybel nie. 'n Mens kan nie sê dat hy die belangrikste dinge weet en dat vir die ander deel die kerk vir hom glo nie. Dis nie so dat hy kan sê: Daar is genoeg slim mense in die gemeente wat hulle met die Bybel besighou, ek sal hulle volg nie.

Die HERE soek juis in die verbond jou persoonlike antwoord. Ek sal enkele voorbeelde in die Bybel noem waar ons sien hoe persoonlik die HERE 'n mens soek.

b. As Kain al hoe meer in die greep van die sonde kom, is dit die HERE wat hom persoonlik besoek en sê: "Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers." (Gen 4:6,7)
c. Ons kan hier ook dink aan wat gebeur het toe die Here Jesus voor die Joodse raad staan en Petrus Hom drie keer verloën het. Dan soek die Goeie Herder met sy oë sy skaap wat van die pad afgedwaal het. Ons lees in Lukas 22 dat nadat die haan drie keer gekraai het die volgende gebeur: "En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween." (61,62)

Die Goeie Herder soek elke skaap afsonderlik. Hy stel in elke skaap belang. Nie een mag gemis word nie. Dit word baie duidelik in die gelykenis wat die Here Jesus in Lukas 15 vertel. Hy vertel daar van die herder wat die een skaap gaan soek wat hy aan die einde van die dag mis. Wanneer hy dan die skaap vind, lees ons: "En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers. En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was. Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie." (5-7) Ons lees hier hoe die HERE in jou en my persoonlik belang stel. Dit roep om ons persoonlike antwoord.

Hoe hou 'n mens persoonlike geloofsbelewing suiwer?

Die geloof word beleef. 'n Dooie geloof is geen geloof nie. Die HERE se verbond is vol van lewe, vol van omgang met die mens. Daarom kan dit nie anders of daar is geloofsbelewing in 'n gelowige se lewe. Dit gaan oor 'n lewende verhouding met God, oor 'n lewendige omgang met Jesus Christus.

Dit kan wees dat 'n mens persoonlik, of dat 'n hele gemeente van geloofsbelewing bruis. Dis pragtig as dit so is. Ons moet dan net daarop let dat ons belewing nie die norm word nie. 'n Mens en ook 'n gemeente moet bereid wees om eie geloofsbelewing te toets aan dit wat die HERE in die Bybel sê. Daarom is dit so belangrik om regtig Bybelstudie te doen. Dit kan wees dat 'n mens se gevoel, 'n mens se entoesiasme hom so meesleep dat dit hom onbedoeld tot verkeerde sienings bring. 'n Voorbeeld daarvan vind ons in die gemeente van Tessalonika.

Paulus prys hierdie gemeente vanweë hulle geloof, die geloof waarvan hy ook ander gemeentes vertel. Kyk 2 Thes. 1:3,4. Nogtans is ook hier steeds weer toetsing nodig. Die gevaar in hierdie gemeente is dat hulle tot 'n verkeerde siening oor Christus se wederkoms kom. Kyk 2 Thes. 2:1,2 en ook 1 Thes. 4:13-18.

Geloofsbelewing moet getoets en gestimuleer word deur die aandagtige lees en luister na God se stem.

Die HERE vra antwoord en geen papegaaiwerk nie

Hoe belangrik is dit dat ons hart, ons aandag, ons liefde daarby betrokke is as ons Bybellees. Dit moet vir ons belangrik wees dat ons verstaan wat ons lees. Dit moet nie so wees dat ons net tekste kan weergee, net kan herhaal wat ons gelees het nie.

Dit wat ons lees, moet ons tot die antwoord van geloof bring. Dan herhaal 'n mens nie net dit wat hy gelees het nie maar antwoord daarop in eie woorde en dade.

Juis daarom is begrypend lees van die Bybel so belangrik. Dit gaan nie daaroor dat 'n mens elke dag sy 10 of 20 of meer verse lees nie. As 'n mens se hart op die HERE gerig is, sal hy altyd wil verstaan wat sy God en Redder sê. As hierdie hart vir die HERE uit ons lewe verdwyn het, kan 'n mens nog allerhande gereformeerde teorieë verkondig, dan kan 'n mens nog baie woorde gebruik maar dan het die lewende geloof wat Vader in liefde wil beantwoord, verdwyn.

Die Bybel is God se liefdesbrief vir ons

Die Bybel is God se Woord. Die Bybel is die boek waarin God sy liefde vir jou verklaar. Die HERE verklaar daarin dat Hy jou hart wil hê. Hy bied Homself vir jou as jou Vader en sy Seun vir jou as Redder aan. Niemand kan meer en groter liefde vir 'n sondaar gee as die HERE nie. God se kind, wat so onpeilbaar baie gekry het , wil God dan ook al hoe meer en beter leer ken. Die manier waarop 'n mens God beter leer ken is deur die aandagtige lees van die Bybel. Iemand wat weet dat die HERE sy Verlosser is, wil graag hê die HERE by hom op besoek kom, dat Hy met hom praat. Dit gebeur wanneer jy Bybellees.

Dit is 'n heerlike wonder dat die HERE daarvoor sorg dat 'n mens elke dag sy Woord kan lees. Dis vir ons nie nodig om baie moeite te doen om Bybel te kan lees nie. Dis vir ons nie nodig om vir 'n ander te vra om ons uit die Bybel voor te lees nie. Ons mag God se Woord binne handbereik hê. Die doel van die lees moet steeds weer wees om in liefde vir die HERE toe te neem. Om al hoe meer uit liefde God se wil te doen. Ons lees in Deut. 30:14: "Maar baie naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart, **om dit te doen**."

As 'n mens persoonlik die Bybel lees, is dit die HERE self wat met jou praat. Wat doen 'n mens as die HERE by jou op besoek kom? Sou 'n mens dan nie met groot eerbied en aandag luister nie?! Die HERE praat ook nie geheimtaal nie, maar Hy gebruik gewone woorde. Hy spreek ons in ons eie taal aan.

Die eerbied, die liefde, die respek vir die HERE beteken ook dat ons werklik luister na dit wat die HERE sê. Dan lees ek nie elke dag Bybel omdat dit nou eenmaal so behoort nie. Dan lees ek omdat ek graag die HERE beter wil leer ken. Omdat die liefde vir God my lewe beheers.

Indien ons die agtergrond van sommige van die sorge van gereformeerde sendingwerk in Suid-Afrika wil verstaan, probleme waarmee die sendingwerk van die VGKSA te make kry, is dit die moeite werd om die geskiedenis van die sendingwerk van verskillende genootskappe en kerke wat lank voor ons die evangelie uitgedra het, kennis te neem. By al die toegewyde ywer en goeie motiewe, was daar vele skeefgroei wat in patrone vasgelê is, wat vandag moeilik deurbreek word. Let maar op die afwykende beskouings oor die toe-eiening van die heil en oor die kerk wat op die sendingterrein algemeen voorkom, om twee sake te noem. Die meeste van ons kom ook gereeld in aanraking met mense wat in hierdie strominge opgroei en dit ook uitdra. Hierdie organisasies het enorme invloed uitgeoefen, nie net op die kerke wat tot stand gekom het nie, maar ook op die hele samelewing. Dr JW Meijer het enkele artikels oor hierdie rigtings geskryf. Hiermee die tweede artikel. Die eerste het oor William Carey gehandel.

GENOOTSKAPSENDING

dr JW Meijer

William Carey het in 1792 die Baptiste se sendinggenootskap gestig. Sendingwerk is gesien as werk van die Christene, nie as opdrag aan die kerk nie. Tog het Carey duidelik vir sy organisasie 'n verbintenis met die Baptiste-kerk gekies. In 1795 is die bekende Londense Sendinggenootskap (LSG) ge-stig. Dit was 'n interkerklike organisasie en van dié oomblik af praat ons van genootskapsending.

LSG

Die oprigters van die LSG het veral uit die kringe van die Kongregasionaliste gekom. Hierdie kerke het die algehele en absolute vryheid en selfstandigheid van die plaaslike gemeente gepropageer. Geen gemeenskaplike belydenisskrifte, geen Kerkorde of liturgie is aanvaar nie, elke gemeente kies sy eie grondslag en bou sy eie tradisie.

Wanneer so 'n standpunt in die sending toegepas word, beteken dit dat elke sendeling self maar moet kies in fundamentele sake: Kinderdoop of volwassedoop? Oop Nagmaalstafel? Ampte? Liturgie? Belydenisskrifte? Alles word aan die plaaslike kerk, dus aan die sendelinge, oorgelaat.

Om dieselfde rede was die LSG ook van meet af interkerklik. Die interkerklikheid het veral uitgekom in die feit dat persone van allerhande kerklike agtergronde as medewerkers aanvaar is. Die LSG kan geen saak daarvan maak dat hy die steun van talle kerke gehad het nie. Inteendeel, kort na 1795 het daar meer sendingorganisasies ontstaan wat, soos die Baptiste s'n, sterker kerklike verbintenis gehad het.

Dr John Philip

Wie in Suid-Afrika van die werksaamhede van die LSG praat, dink in die eerste plek aan dr John Philip wat van 1819 tot 1851 die eerste superintendent van die LSG in Suid-Afrika was.

John Philip (eintlik Philp) is op 14 April 1777 in Skotland gebore. Sy vader was 'n redelik welgestelde wewer en lidmaat van die Anglikaanse kerk. Toe hy 11 jaar oud was, het John skool verlaat en in sy pa se wewery gaan werk. Onder invloed van 'n oom het die belangstelling vir wetenskap en studie by hom gegroei. Na etlike jare vertrek hy na Dundee waar hy tot bekering kom en hom by die Kongregasionaliste aansluit. Hy word Sondagskoolonderwyser en 'n aktiewe ondersteuner van sendingwerk en 'n man van aansien in kerklike kringe.

Die plaaslike leraar oortuig Philip daarvan dat hy vir predikant moet gaan studeer. Met finansiële steun van 'n aantal lidmate studeer hy van 1798 tot 1802 in Londen. Na voltooiing van sy studie dien hy agtereenvolgens die gemeentes van Newbur tot 1804 en daarna Aberdeen tot sy vertrek na Suid-Afrika einde 1818. In 1808 het hy in die huwelik getree met Jane Ross. Uit die huwelik is sewe kinders gebore.

Die LSG in Suid-Afrika

Die LSG was reeds van 1799 af in Suid-Afrika werksaam. Teen 1817 het die sendingwerk in 'n krisis gekom. Daar was op die stadium vier sendingstasies binne die Kaapkolonie, o.a. die bekende Bethelsdorp. Verder was daar ook sendingsposte buite die koloniale grense: in Namakwaland en in die suide van die huidige Namibië, in Griekwaland tot so ver noord as Kuruman. Ook in die suidelike dele van die later Vrystaat en in Ciskei was sendelinge werksaam. Teen 1817 was daar twintig sendelinge vir die LSG in Suid-Afrika werksaam.

Die interkerklike karakter van die LSG is sodanig beklemtoon dat geen enkele kerklike orde afgespreek of gehandhaaf is. Elke sendeling het op sy sendingstasie sy eie "Kerkorde" gevolg. Die invloed van die Kongregasionaliste in die LSG het veroorsaak dat elke sendeling volledige vryheid en onafhanklikheid geniet het.

Die gevolg van dit alles was voor die hand liggend: daar was geen dissipline, rigting of orde in die werksaamhede van die genootskap nie. Dit het tot onderlinge wantroue en botsings gelei. Daar was 'n totale gebrek aan sistematiese sendingwerk en 'n vermorsing van mannekrag en finansiële middele. Baie van die sendelinge was sterk individualisties en het hulle selfstandigheid en onafhanklikheid met jaloersheid bewaak.

Om die rede het die hoofbestuur van die LSG tot aanstelling van 'n superintendent besluit. Dit sou sy taak word om aan die werk van die LSG in Suid-Afrika leiding te gee. Philip was ongetwyfeld vir die opdrag geskik. Hy was 'n persoon wat die energie, die deursettingsvermoë en die ambisie gehad het wat vir hierdie taak nodig was.

Herorganisasie

Philip het spoedig na sy eerste onderhoude met

owerheidspersone en sendelinge tot die oortuiging gekom dat die oorsaak van die wantoestande by die sendelinge en die LSG gesoek moes word. Philip sou as superintendent volle seggenskap hê. Op grond van sy bevindings het hy ’n drastiese herorganisasie deurgevoer. Sendelinge wat hy as onbekwaam geïdentifiseer het, is ontslaan. Die sendelinge se versoek dat ’n verkose komitee sendingsake sou bestuur, is deur hom afgewys. Vir elke sendingterrein is ’n toesighoudende sendeling aangewys wat maandeliks aan Philip verslag gedoen het, selfs oor die kleinste sake. Philip het ook alleenbeheer oor die finansies gehad. Vir elke behoefte moes die sendelinge skriftelik aansoek doen.

Philip het ook oor die salarisse van die sendelinge besluit. Daar was geen vaste skale nie, maar daar is na die situasie van elke sendingstasie gekyk. Was dit in ’n vrugbare gebied geleë met hardwerkende inwoners, dan moes die mense ’n bydrae tot die sendeling se salaris lewer. Die sendelinge moes ook self deur landbou of ambag inkomste genereer.

Hierdie reorganisasie het Philip ’n absolute gesagsposisie gegee. Die sendelinge was nie baie gelukkig met sy optrede nie. Die sendeling Moffat het byvoorbeeld sterk met hom van mening verskil.

Daar is ’n merkwaardige teenstelling tussen die kerklike struktuur-teorie van die Kongregasionaliste en die absolute gesag van die superintendent in sendingsake. Aan die een kant is die onafhanklikheid van die plaaslike gemeente oorbeklemtoon, maar op die sendingstasies is alles aan die besluite van die superintendent onderwerp. Laasgenoemde is op basis van praktiese oorwegings gedoen. Die voorgeskiedenis het duidelik gewys dat hierdie strakke leiding nodig was.

Ondanks sy groot bydrae tot die reorganisasie van die werk van die LSG het Philip sy bekendheid verwerf deur sy politieke agitasie vir verandering van rassebeleid in die Kaapkolonie. Hierdie dikwels uitdagende optrede is veroorsaak deur Philip se visie op die sending.

Sendingsvisie

Een van Philip se uitgangspunte was dat alle mense prinsipieel gelykwaardig is. Daar bestaan nie so iets soos minderwaardige en meerderwaardige rasse nie. Hierdie uitgangspunt help natuurlik nie om die talle beskawingsverskille tussen die rasse te verklaar nie.

Die verskille is deur ’n tweede uitgangspunt van Philip aangespreek. Volgens hom was die omgewing bepalend of ’n persoon ’n barbaar of ’n beskaafde mens sal wees. Hierdie teorie is nou verwant met die van die Franse rewolusionêres. Die samelewing, ekonomiese welvaart, vryheid van keuse, van meningsuiting en beweging, is alles voorwaardes vir die ontwikkeling van die moderne beskaafde mens. Waar hierdie omgewingsvoorwaardes ontbreek, is die mens noodgedwon-ge ’n barbaar.

Vir Philip was die Britse samelewing met sy grondwetlike vryhede en ekonomiese kompetisie die skoolvoorbeeld van ’n vrye staat waarin die beskawing ontluik en die Christendom blom. Aangesien dit Philip se taak was om die sendingwerk in Suid-Afrika te bevorder, het hy op hierdie gebied baie werk gesien.

Die belangrikste oortuiging was egter dat elke mens van nature godsdienstig, sedelik en goed is. Sodra die omgewing aan die vereistes voldoen, sou die innerlike goedheid van die mens vanself tot uiting kom.

Ten behoewe van ’n suksesvolle sending was dit dus nodig dat die omgewingsfaktore wat deur wetgewing beheers word, eers sal verander. Daarna is die grond bouryp vir beskawingswerk wat ook die Christendom sal bring. Op laasgenoemde twee vlakke moes die sendelinge aktief wees. Philip sou daarop toesien en daaraan leiding gee. Hy het dit as sy persoonlike verantwoordelikheid gesien om al sy invloed aan te wend dat wetgewing ingevoer sal word wat in die Kaapkolonie dieselfde omgewingsfaktore vir alle rasse sou skep soos wat die geval was in Engeland.

Philip se politieke aktivisme was vir hom ’n wesenlike deel van sy pligte as superintendent van die LSG. In daardie hoedanigheid was dit sy verantwoordelikheid om alles te doen om die sendingwerk te bevorder.Vir Philip het die staatkundige opheffing van die nie-blankes die grootste klem ge-kry omdat hy dit as voorvereiste vir beskawing en Christendom gesien het.

Botsings

Dat Philip in die uitvoering van sy visie met baie mense gebots het, is bekend. Die Hollandssprekende inwoners van die Kaap het oor die algemeen geen goeie woord vir hom gehad nie. Maar ook die Britse gesagsdraers in Kaapstad was dit dikwels nie met Philip se voorstelle eens nie. Selfs die goewerneurs het hulle dikwels in ’n uiters moeilike posisie bevind. Op grond van plaaslike ervaring het die goewerneurs bepaalde beleidsmaatreëls voorgestaan en ingevoer waarteen Philip beswaar gemaak het. In gevalle waar die goewerneur nie Philip se wense tegemoet kon kom nie, het laasgenoemde die invloedryke konneksies van die hoofbestuur van die LSG in Londen ingeskakel. In daardie jare was dit byna ’n sosiale verpligting vir vooraanstaande persone om lede van die LSG te wees. Op die manier kon Philip via sy rapporte en briewe aan die hoofbestuur dus direk invloed uitoefen op ministers en topamptenare. Dit het dikwels as resultaat gehad dat die goewerneur in Kaapstad vanuit Londen opdragte gekry het wat gelykluidend was met Philip se wense.

Dit is hierdie botsings wat vandag se beeld van Philip bepaal.

KINDERMOLESTERING

’n Wrede en voortydige beëindiging van die kinderlewe

ds CF Heiberg

Toe ek onlangs die onderwerp van kindermolestering ondersoek, het ek nooit besef wat op my wag nie. Die hartseer verhaal van hierdie sonde se vernietigende gevolge op kinderlewens, huwelike, gesinne en die gemeenskap is oorweldigend. Seksuele molestering van minderjarige kinders is die groot onbekende faktor van ons hedendaagse samelewing, en tog is dit tegelyk ook die groot verborge sonde van ons tyd. Dit gebeur "onder ons neuse" en in die beste van families, sonder dat ons dit ooit sou vermoed. Die skuldiges sal ons nooit verdink nie en die slagoffers is te bang om te praat. Indien dit alles later sou uitkom in die volwasse jare van die slagoffer, dan het hierdie traumatiese gebeure - waarmee solank in die geheim geworstel is - reeds diep wonde op iemand se gees gelaat. Wonde wat alleen deur die bloed van Christus, die Gees van God, en groot geloof van die een wat so ongelukkig moes ly, genees kan word, terwyl party letsels dalk eers by die opstanding van die regverdiges geheel weggeneem sal word.

Gegrond of nie?
Ons moet egter reeds aan die begin daarop wys, dat daar ook gevalle voorkom van ongegronde beskuldiging van seksuele molestering. Hoewel die jonger minderjarige kind selde indien ooit sy ouers valslik van so iets sal be-skuldig, kan dit byvoorbeeld soms gebeur waar ouer kinders pionne word in die wrede skaakspel tussen hulle ouers wat skei.

Dit kan ook wees dat iemand die verleentheid van sy of haar eie onverantwoordelike en onvolwasse optrede probeer verbloem agter die immer gewilde alibi van (versinde) trauma van die jeug. Maar sulke gevalle bly die uitsonderings. By bewerings van kindermolestering geld die spreekwoord byna altyd: *waar ’n rokie is, brand ’n vuurtjie.*

Bekendmaking
Wanneer iemand wat as kind seksueel misbruik is daarmee na vore kom, is dit self al ’n wonder in die kleine. Dit is ook die eerste groot tree na herstel, aangesien die innerlike psigiese barrikade wat oorkom moet word om te kan praat, vir die meeste te reusagtig groot is. Vir jare is die pyn weggesteek, ontken, beveg, of net in die stilte gedra. Daar kan verskillende redes vir die stilte wees: lojaliteit teenoor die misbruiker (veral wanneer daar moontlike strafregtelike gevolge dreig), of verkeerde persepsies van die volwassene se gesag, dit kan wees vanweë vrees vir die hoorder se reaksie of vir dreigemente van wie-ook-al. Gewoonlik is dit maar die intense skaamte, skuldgevoel en seer wat die slagoffer beleef.

Vertroue
Ons moet in gedagte hou dat die kind se vertroue in sy medemens tot in die fondamente geskud word, want juis toe die kind na die ouer persoon opgekyk het in kinderlike vertroue vir liefde en warmte, is daardie kinderlike vertroue brutaal en subtiel geskend, terwyl die kind self aanvanklik nie eers mooi tot verhaal kon kom wat met haar/hom gebeur nie. Soos iemand skrywe: ”the real horror of these stories is that the great majority of those who are sexually abused, experience the abuse from someone they know and trust”.

Skuldiges?
Maar wie is dan die skuldiges wat so goedsmoeds vertrou is? Vir meer as 90% is hulle mans, en dan nogal mans in die naaste kring: vaders, broers, stiefvaders, ooms, neefs, oupa’s, die gawe buurman, ens. Slegs vir ’n klein minderheid maak vroue hulle hieraan skuldig. Die skuldiges het ook - selfs meer nog as die slagoffers - hulp dringend nodig. Ook vir hulle is daar bevryding moontlik by die Here Jesus. Uit die feit dat ondersoeke bewys dat die oorgrote meerderheid van oortreders mans is, mag ons egter nie daartoe kom om mans in die algemeen te verdink nie. Verreweg die meeste broers, ooms, pa’s, stiefpa’s ens. is eerbare mense wat die private lewe van die jongmens en kind eerder jaloers sal beskerm as om dit te skend.

Wat is kindermolestering?
Na alles wat hierbo reeds gesê is, bly die belangrikste vraag miskien: wat is kindermolestering of die seksuele misbruik van die kind nou eintlik? Indien ons vanuit die gesigspunt van die Christelike etiek en pastorale sorg praat, dan is die veld daarvan veel wyer as slegs dit wat deur die meeste Westerse landswette verbied word. In die lig van die Bybel is enige vorm van bewuste seksuele kontak met ’n minderjarige, hetsy verbaal of fisies, hetsy met die hande, geslagsdele of ander dele van die liggaam, hetsy binne of buite die liggaam, deel van hierdie sondige tragedie. Dit begin alles so onskuldig: om saam te swem, te stoei, of op die bank te lê… In sowat 75% van die gevalle vind hierdie sonde plaas binne die verbode grense van bloedskande. Meisies is gewoonlik die slagoffers. Sedert die probleem in Amerika en Nederland intensief ondersoek is (die eerste ondersoeke dateer vanaf die 1970’s) het dit ook aan die lig gekom dat meisies wat eenmaal gemolesteer is, dikwels makliker teikens is om weer misbruik te word. Die rede hiervoor is dat hul weerstandsvlak verlaag is, omdat hulle ná hulle aanvanklike ervarings dink dat liefde en vertroue per definisie ook met seks te doen het.

Oorsaak
Die omstandighede en oorsake wat aanleiding kan gee tot seksuele molestering van kinders wissel. Daar kan psigiese en persoonlike steurnisse by die misbruiker aanwesig wees. Die sosiaal-emosionele klimaat in die gesin kan ontwrig word deurdat een ouer tydelik of permanent uithuisig is, of omdat iemand van buite die gesin by die gesin kom inwoon. Daar is die sensitiewe relasie tussen stiefdogters en stiefvaders. ’n Ander oorsaak is wanneer kinders die rol van

onbevoegde ouers in die huishouding moet vervul, en ouers dan by kinders warmte en liefde soek in plaas van andersom.

'n Groot oorsaak is bloot die afwesigheid van duidelike grense in die huis. Kinders het geen privaatheid nie. Naaktheid oor die geslagsgrens heen word as 'normaal' geag, of die huis is so klein (dink maar aan ons land se derduisende plakkershuisies) dat almal in dieselfde vertrek woon. 'n Ander oorsaak is verdraaide opvattinge, hetsy van ouerlike gesag of van seksuele waardes.

Ten diepste is daar maar een probleem: die hart van die mens. Het Christus nie eenmaal gesê nie: "Want van binne, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord… Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (Markus 7:22-23)? Sulke harte het ons almal, tensy dit deur die Gees van God in die wedergeboorte radikaal vernuwe word, sodat die sonde in ons nie meer heers nie.

Voorkoms

Daar is egter 'n verdere aspek van die probleem wat ons aandag vra: die voorkoms van seksuele molestering van kinders binne behoudende godsdienstige gesinne. Uit die ondersoeke waarna hierbo verwys is blyk dit dat kerkgemeenskappe van ortodokse oortuiging en hoë morele waardes, dikwels nie die algemene frekwensie van kindermolestering deurbreek nie. Juis daar waar 'n mens sou kon verwag dat die gesin, kerk, skool of ander terreine 'n heilige en liefdevolle leefruimte moet bied, is dit merkwaardig genoeg soms nie die ge-val nie. En wanneer kindermolestering in hierdie konteks plaasvind, het dit boonop uiters skadelike gevolge vir die kind se visie op God en die kerk. *Hoe kan God dit toelaat? Hoe kan pappa so vroom na die Nagmaal gaan? Hoe sal hulle my ooit glo as ek sê dat so-en-so sulke lelike dinge met my gedoen het?*

Gevolge

Die gevolge van die seksuele misbruik op 'n kind - veral as dit in die ouerhuis gebeur - is legio en enorm. Veral as ons ook onthou dat hierdie probleem - veral wanneer dit hom in die nouste familiekringe afspeel - juis geen insidentele vergryp is nie, maar 'n siek en sondige patroon word wat selfs vir jare kan voortduur. Dink maar net hieraan: 'n Tienerdogter beleef hoedat haar pa haar as sy minnares behandel, hoedat haar moeder haar as 'n opponent bejeën. Veel erger word dit wanneer sy om hulp wil roep maar die sonde op een of ander wyse toegesmeer word sodat die gesin hulle 'goeie naam' nie sal inboet nie. Met ander woorde, die ouerhuis wat 'n veilige warm ruimte moes wees te midde van 'n dikwels koue ongenaakbare wêreld daarbuite, word 'n tronk, 'n hel, 'n doolhof van angs, walging en skuldgevoelens, waaruit ontsnapping onmoontlik lyk.

Emosies van pyn en ontnugtering word onderdruk of geïgnoreer, met verwoestende psigiese gevolge. Die enigste uitsig is op die dag om die huis te verlaat, met die ydele hoop dat 'alles dan sal regkom'. Maar hier diep binne kom dit dan nie reg nie, sodat iemand se ganse persoonlikheid en later ook sy of haar eie huwelikslewe daaronder moet ly. Ons praat van dinge soos: verlies van vertroue in jou medemens, neerslagtigheid, opgekropte aggressie en woede, skuldgevoelens, oordrewe skaamheid en skugterheid veral vir fisiese aanraking, verwerping van jou eie liggaam, losbandigheid en roekeloosheid, angs vir seksualiteit en vir die huwelik.

Die een geval verskil van die ander. In kort gaan dit daarom: ons het te doen met 'n diep verskeurde mens, waarvan die onskuldige kinderjare prematuur en wreed beëindig is en jy in 'n grootmenswêreld gewerp is, terwyl jou maatjies nog op klimrame klouter en drome droom van die dag wanneer hulle eendag groot is.

Maar dank God, daar is hoop! Jesus Christus kan die stukke optel en heel maak deur sy Woord en Gees. In een van die boeke lees ek van 'n vrou wat in haar kinderjare deur haar vader misbruik is. Sy vertel hoe sy volkome innerlik genees is van haar bitterheid en die verwerping van haar eie liggaam. Dit het gebeur toe sy in die Evangelie van Lukas die geïnspireerde geskiedenis lees van die *Seun* wat deur Sy *Vader* na hierdie wêreld gestuur is. Ja, hoe teer en rein en liefdevol hierdie Man met vroue soos sy omgegaan het, hulle selfs kom genees het van hulle intiemste kwale (die vrou wat aan bloedvloeïng gely het) of hulle verlos het uit hulle hartseerste ervarings (die weduwee van Nain). Vroue rondom Hom het hy nooit bedreig nie, Hy het hulle eerder gedien en ook vir sulkes die kruisweg na Golgota gestap. Later was vroue die eerste getuies van sy magtige oorwinning oor die dood en oor die sonde (ook dié van seksuele misbruik). Dit is toe sy hierdie Man pleit om ook in haar lewe te kom, dat sy kon beleef hoe alles nuut word en sy met nuwe oë na alles en almal kon kyk, ook na haarself en haar grootste vyand.

Die pad terug

Met hierdie verhaal word nie gesuggereer dat die weg terug eenvoudig en maklik is nie. Inteendeel. Dit eerste stap is om daaroor te praat met God en met iemand wat jy kan vertrou. Om vergifnis as sondaar te ontvang sodat jy dit ook wil gee. Daarmee saam sal intensiewe deurlopende pastoraat nodig wees. Hier word groot wysheid en liefde geëis. Teenoor die slagoffer moet juis *dit* getoon word wat daardie persoon so dikwels gevrees het nooit sal realiseer nie: opregte solidariteit en afkeur van die misdaad. Maar ook *dit* wat die slagoffer juis so nodig het: pastorale bewoënheid teenoor die persoon van die skuldige, al word die sonde ook hoe sterk veroordeel. Dit beteken nie dat versoening voortydig afgedwing moet word nie, seker nie indien daar geen opregte berou en skuldbelydenis van die misdadiger of van bereidheid tot vergifnis van die slagoffer aanwesig is nie.

Verder is die vernuwing van die denke wat so lank deur negatiewe herinneringe geprogrammeer is krities noodsaaklik. Christus bevry ons deurdat ons volledig bereid is om die dinge van die Gees te bedink:

lewe en vrede (vgl. Rom. 8:5-6, 12:1-2) en afstand te doen van die vleeslike dinge, die sonde en die dood. Dit sou onder andere beteken dat jy in geloof kan *aanvaar* dat wat ook al gebeur het in God se volmaakte plan 'n plek gehad het en ook ten goede sal meewerk vir dié wat Hom liefhet, dat die gelowige in Christus 'n nuwe skepsel is en die ou dinge verbygegaan het, dat ons 'selfbeeld' nie deur die verlede bepaal word nie, maar deur ons nuwe status in Hom as God se geliefde kinders, en bowenal, dat ons elkeen in onsself ook maar net ellendige sondaars is wat sonder sy genade in Christus ook tot die ergste vergrype in staat is. Die Christen kan na die hardste onbekeerde sondaar kyk en sê: "There, but for the grace of God, go I". Wie nie dag na dag die dinge van die Gees wil bedink nie, en hom werklik daarop rig nie, staan sy of haar eie bevryding en genesing in die weg.

Ten slotte nog iets oor die voorkoms van kindermolestering onder behoudende kerkmense.

Waarom kom hierdie sonde - wat deur God self in die Skrif vervloek is - nog so dikwels voor in geloofsgemeenskappe wat van veel beter behoort te weet? Laat my aansluit by die woorde van Christus wat hierbo aangehaal is. Dit het gehandel oor die volle bose omvang van die hart as bron van alle sonde. As die bederf in die hart begin, dan sal die remedie daarteen ook in die hart moet begin. Blote moralisme of dogmatisme gaan daar niks daaraan verander nie, want dis so hard soos klip. Daarom, al word die norme uiterlik ook hoe hoog gestel, sonder die bewuste lewe deur die Gees in verbondenheid met Christus, sal die innerlike *begeerte* en *wilskrag* ons ontbreek om die geweld van die sonde in onsself teen te gaan. En as die waardes van my gemeenskap my boonop verhoed om my sondige drifte onbeteuel na buite te kan uitleef, of as die geleenthede daartoe na buite soveel moeiliker te bekom is as die sagte teiken in my eie huis of familiekring? En as ek my sonde ook nog kan duld deur 'n misplaasde beroep op Gods genade? Lê die sonde dan nie bitter naby en loer nie? Daarom dat die prediking van die totale verdorwenheid van die sondaar (ook in die verbond) en die noodsaak van die kragtige en radikale vernuwing van die Gees, in wedergeboorte en daaglikse heiliging, nie in die kerk mag ontbreek nie. So nie word die lidmate hoe langer hoe meer op hulleself teruggewerp om hulle bose luste te bemeester.

Vernaamste literatuur:

- *Child Sexual Abuse - A hope for healing,* Hancock & Mains (Highland Books 1987)
- *Incest - een informatieve en praktische handreiking in bijbels licht,* deur Kok, Koster en Van der Wal in die reeks 'Praktisch & Pastoraal' (Groen en Zoon 1992)
- *Incest*, deur MA Swan in: 'New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology'. (IVP 1995)

ds P Nel

DIE METAFOOR EN DIE BYBEL

'n Metafoor is die vergelyking van iets met iets soortgelyk, sonder om te sê dat dit 'n vergelyking is. Iemand sal byvoorbeeld sê dat "die geitjie al weer gebel het". Daarmee bedoel hy dan dat die vrou wat net soos 'n geitjie optree, al weer gebel het. Met 'n metafoor verwys ons dus na iets werkliks sonder om dit so eksplisiet 'n werklikheid te noem. Dit is 'n handige en kleurvolle stylfiguur waarmee 'n mens die taal verryk. Ongelukkig kan die metafoor ook misbruik word.

DIE EVANGELIES VAN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE GNOSTIESE EVANGELIE VAN THOMAS … METAFORE VAN EEN GODSDIENS?

In die dokter se spreekkamer tel ek die vorige jaar se **Oktober uitgawe van die New Age tydskrif "Namasté"** op om daarin te blaai en daar pryk 'n artikel: "Metaphors for a Creative Spirituality". Die skrywer trek daarin verskillende godsdienste se simbole, soos die spiraal, lotusblom, die roosknop wat oopgaan en die doolhof, byeen as geestelike sinonieme. Hy sien in die verskillende simbole een uniforme geestelike sentrum wat alle godsdienste met mekaar deel en dit is die bereiking van geestelike volwassenheid via die vernietiging van die eie ego. Hy gebruik ook die apokriewe en gnostiese Evangelie van Thomas en sê:

> *Die stelselmatige verdwyning van die ego…en die ontplooiing van die Self, is die onderwerp in verskeie van die logiae (uitsprake) van die Evangelie. In logion 7 sê Jesus; "geseënd is die leeu wat deur die mens geëet word, want die leeu sal 'n mens word, vervloek is die mens wat deur die leeu geëet word, want die leeu sal 'n mens word." Die onderwerp van die heel enigmatiese logion … is niks anders nie as die triomf oor die eie ego. 'n Onoorwonne en ongetemde ego is inderdaad in staat om die lewe van 'n mens te verorber. Logion 48 maak die saak nog duideliker: "As die twee vrede maak in die huis, sal hulle in staat wees om vir die berg te sê 'verwyder jou van hier' en hy sal gehoorsaam." …*
>
> *In Logion 98 sê Jesus: "Die Koninkryk van die Vader is soos 'n vrou wat 'n emmer vol meel op haar skouers dra. Op pad na haar huis toe breek die handvatsel af en die meel sif uit die emmer; maar sy het dit nie agtergekom nie. Toe sy by die huis kom, sit sy die emmer op die grond neer en*

merk vir die eerste maal dat die emmer leeg was; en sy was verheug."
In logion 13 maak Jesus dit duidelik dat hierdie 'Koninkryk van die Vader nie bloot 'n belofte is van die lewe hierna nie, maar iets wat werklik en bruikbaar is vir hier en nou, 'n manier van kyk na die wêreld om jou. Die Koninkryk van die Vader is jou sentrum en alles om jou. Dit is inderdaad die Koninkryk van die hemel wat kinders reeds het en waarin volwassenes kan tree as hulle 'soos kinders word'

Vir die skrywer is hierdie Koninkryk van die Vader, waarvan hy praat, vergelykbaar met die verligting in die leer van die Buddisme, waar die totale eenheid in en van die skepping raakgesien word eerder as die eie belange. Hy koppel dan 'n uitspraak van Jesus uit die Bybel hiermee:

"…dit gooi meer lig op Jesus se opmerking (volgens Lukas) dat; "Die Koninkryk van God is in julle." Sedert die vierde eeu was die manier van kyk na die lewe en skepping verwerp deur die 'literaliste' en 'ortodokses' van die vroeë kerk – wat die politieke stryd gewen het om die siel van die kerk, en nadat die Romeinse Keiser, Konstantyn, bekeer was. Die Evangelie van Thomas, saam met ander gnostiese tekste, was gevolglik verban en gnostiese gelowiges verban as 'dwaalleraars'. 'Gnostiese Christendom' (van gnosis wat werklike kennis beteken) is eers onlangs herondek en waardeer".

Wat sê die skrywer dus vir ons? Hy reken dat die Evangelie van Thomas, die Bybel, die Buddistiese leer en die insigte van alle godsdienste metafore is wat na dieselfde waarhede wys. Hulle is, om self 'n metafoor te gebruik, verkykers van verskillende make wat na dieselfde maan kyk. Die "verkykers" (godsdienstige inligting) is sekondêr, die "maan" (God self) is ook, dit is die lig in ons wat bepalend is, wat die werklikheid "raak"-sien. Verder is die "waarheid" verdoesel deur magsugtige Christene, soos ons gereformeerdes!, wat die Bybel letterlik interpreteer en net vashou aan eie leerstellinge.

Die skrywer is eerlik deur te erken dat die Evangelie van Thomas "gnosties" is, d.w.s. hy onderskei dit in karakter van die Evangelies van die Bybel. Dit is presies waarom ons deur die getuienis van die Heilige Gees die Bybel onderskei van alle ander geskrifte en menslike leerstellinge. Die Bybel en die gereformeerde Christelike geloof is geen metafoor nie! Dit nie 'n doolhof, 'n lotus of 'n spiraal nie. Dit is nie 'n vergelyking van die waarheid nie. Dit is die waarheid, die openbaring van God, nie wat deur ons harte verlig word nie, maar *waardeur* ons verduisterde harte verlig word! Dit vertel, heel anders as die Evangelie van Thomas (wat die waarheid in die self soek) dat die waarheid en die kennis (gnosis) bo en buite ons is. Dit is op aarde in sy volheid geopenbaar in Christus die Seun van God, 'n liefdevolle en regverdige Jesus, wat nie soos Thomas se Jesus van 'n sondaar verwag om homself te help en eiehandig na waarheid te tas nie. Hy is die Een wat die hemele vir ons oopskeur. Hy word verskeur deur die leeu in die mens, Hy word gekruisig en verwerp, sodat ons moet erken dat daar in ons niks goeds woon nie. Maar Hy verskeur ook die leeu, deur die dood te oorwin, sodat ons kan leef. Hy vertel van Gods liefde en trou aan verduisterde sondaarmense. Dit is Hy wat my bereik en nie ek wat Hom bereik nie. Thomas is 'n doolhof; Jesus is die Weg, die waarheid en die lewe.

Opvallend hoe bekend Thomas met die Evangelies van die NT se inhoude is, maar dit anders gebruik … dit verdraai. Die "soos kinders", die "sê vir die berg" en die "Koninkryk" is by Thomas bekend uit die NT. Dit is egter dinge wat alle mense inherent het. Jesus sê egter in die NT dat die Koninkryk buite ons is en nie sonder geloof en bekering bereik kan word nie:

[22] Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet ***geloof in God*** *hê.[23] Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê.* **[1]**

[14] EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig[15] en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; ***bekeer*** *julle en glo die evangelie.***[2]**

Wanneer Jesus in Luk 17:20-21, waarna die skrywer verwys, sê:

[20] EN toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie.[21] En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle. **[3]**

Praat Hy nie met "ons" as huidige lesers nie, maar met die ongelowige Fariseërs wat na tekens soek terwyl Hy reg tussen hulle staan! Die uitdrukking "in julle" kan ook vertaal word met "tussen julle". Die woordkeuse "in julle" word deur Lukas gebruik in kontras met die woorde "sigbare tekens" en "kyk hier of kyk daar" in die vorige sin. Jesus verwys na Homself as die Koninkryk tussen hulle, terwyl hulle Hom nie "sien vir wie Hy is" nie (vgl Jes. 53). Hy bedoel sekerlik nie dat die ongelowige Fariseërs reeds die Koninkryk in hulle het nie! Net in die voruige hoofstuk sê Hy:

[13] Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.[14] En die Fariseërs, wat geldgierig was, het ook al hierdie dinge gehoor en Hom beskimp.[15] En Hy het vir hulle gesê: Dit is julle wat julself regverdig voor die mense, ***maar God ken julle harte;*** *want wat by die mens hoog geag word, is 'n gruwel voor God.***[4]**

DIE MAGTIGE METAFOOR VAN DIE SOENOFFER

In die Beeld van 8 Januarie vertel dr W Nicol hoe hy as "vroom tokkelok" ontnugter was toe hy tydens sy doktorale studies in Nederland besef het dat 'n mens se "geloof in die korrektheid van elke woord" van die Bybel "oral probleme kry". Hy vertel dat dit veral sy besef was dat die Evangelie van Johannes se wonders anders as die van die ander drie Evangelies was. Hy sê:

> *Johannes bevat groter wonderverhale as die ander evangelies, byvoorbeeld die wynwonder, de genesing van 'n blindgeborene en iemand wat 38 jaar lank siek was, en die opwekking van Lasarus. Waarom vertel die ander evangelies nie van dié grootste wonders uit die lewe van Jesus nie?…Navorsers meen die verklaring vir die groot wonderwerke in Johannes lê daarin dat die verhale die neiging het om in die mondelinge oorleweringe te groei. …*
> *Op die lange duur het sulke moeilike ervarings met die Bybel my geloof goed gedoen, veral om twee redes.*

Hy noem as eerste rede dat hy nou eerder die Bybel as iets sien met verskillende vlakke, 'n reliëf, en nie meer as iets wat op alle plekke ewe belangrik is nie. Sy vorige "plat" siening van die Bybel het die swakheid gehad dat "as enige ding nie korrek was nie, dan wou alles inmekaar tuimel soos met dominos". Nou sien hy dat dit God se liefde is wat die pieke is en wat mense se harte verander. Die tweede rede was 'n meisie wat in gesprekke met hom nou maar net nie sy gereformeerde beskouinge wou sluk nie. Vir al sy Bybelse verklaringe het sy antwoorde gehad. Toe begin sy egter na klassieke kerkmusiek luister en het "geleidelik in 'n ander denkmodus ingegaan". Hy sê:

> *As daar byvoorbeeld in die passies van Bach gesing word oor Jesus se offer wat die deur tussen ons en God oopmaak, resoneer dit op 'n dieper vlak in haar hart. Eksakte verklarings oor hoe die offerteorie werk sal haar nie oortuig nie, maar die* ***magtige metafoor van die soenoffer*** *wat die voorhangsel laat skeur, is vir haar meer waar as enige rasionele verduideliking.*

Vir dr Nicol is die ervaring van die mens dus die bepalende faktor. Toe hy die Bybel sien as 'n boek vol foute, maar tog die ervaring van liefde sien, daaruit het hy berusting gevind. Dieselfde geld vir die meisie. Die klanke en emosies uit Bach het vir haar 'n "dieper" effek gehad as die "offerteorie" van die Bybel.

Mens sien by die "gereformeerde" teoloog Nicol en die New Ager dus presies dieselfde taal. Die Bybel is 'n sekondêre abstrakte metafoor wat deur die mens gebuig en beleef moet word totdat dit hom pas. Verlaat 'n mens dus die taal van die Bybel self, naamlik dat dit God se geïnspireerde en onfeilbare Woord is, dan swem jy in dieselfde moeras as alle ander gelowe. 'n Moeras waar jy self die sin moet skep. Dank God vir sy Gees wat die Woord aan ons uitlê en wat miljoene gelowiges oor die geskiedenis en wêreld heen verseker van die absolute betroubaarheid van die hele Woord. Wat selfs aan kinders wys dat Johannes en Matteus dieselfde taal praat. Dat geen wonder "groter" as 'n ander is nie. Dat Lasarus se opwekking niks meer as die dogetrtjie van Jaïrus of Jesus se eie opwekking was nie. In die Bybel vertel die Heilige Gees self dat Johannes inderdaad ook ander wonders as die ander vertel, maar so ook elke Evangelie. Dat Johannes nie die storie aangedik het nie, maar soos hyself sê:

> *[24] Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is.[25] En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen.*[5]

1-5 *Die Bybel: Ou Vertaling*, (Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika) 1953

VOORBEREIDING VIR DIE PASTORIE

- 'n gesprek met student Enno Meijer

JJ van der Lugt

Enno en Herma Meijer het meer as 7 jaar gelede uit Pretoria na Nederland verhuis sodat hy die opleiding by die Teologiese Universiteit (TU), Kampen kon volg. In Desember 2000 het die gesin 'n besoek aan Pretoria gebring om die huweliksherdenkings van beide ouerpare te vier. Dit was 'n goeie geleentheid om met Enno te gesels en 'n indruk te kry oor die wel en wee van 'n student wat hom voorberei om dominee te wees in Nederland.

Vraag: Vertel ons iets oor die gesin Meijer
Enno: Ons het 4 kinders, naamlik 'n dogter van 10, 'n seun van amper 8, 'n dogter van 6 en 'n seun van bykans 4. Ons bly in Kampen en die oudste 3 gaan skool op die Gereformeerde Basiskool 'De Mirt' in Kampen. Die jongste is by 'n peuterspeelsaal maar gaan ook in April skool toe.

Vraag: Ek verstaan jou studie is amper afgerond?
Enno: Ek is nou in my laatste jaar, die sesde jaar, en in totaal sal die studie dan 7 jaar geduur het. Ek het naamlik ook die vooropleiding in Nederland gedoen, 'n jaar Grieks en Latyn. Die teologiese opleiding op sig is agter die rug en die 'ou' kandidaatseksamen is

afgehandel. Die sesde jaar is eintlik die afrondingsjaar wat 'n praktiese 'stage' van 3 maande insluit en die skryf van 'n skripsie, dus spesialisasie in een spesifieke vak. Ek wil my gaan spesialiseer in kerkreg, dus by prof te Velde met daarin weer spesialisasie in die kerklike tug.

Vraag: Waarom word daar 'n skripsie vereis? Is dit om predikante d.m.v. praktykgerigte studie voor te berei op die pastorie of meer vir die akademiese aspek van die studie en om studente ondersoektegnieke te leer?
Enno: Die skripsie is daar vir die akademiese vorming van studente om hulle te leer om selfstandig te kan werk. Hierdie skripsies word nie deur die TU gepubliseer nie, maar is wel daar in die biblioteek beskikbaar. Heelwat studente publiseer dit onder eie beheer. As die skripsie voltooi en goedgekeur is, moet daar 'n voordrag gehou word voor 'n kommissie wat bestaan uit jou eie mentor, plus twee of drie ander professore. In hierdie openbare voordrag moet jy vertel waaroor jou skripsie gaan, die doel en belang daarvan verduidelik, die resultate saamvat en daarna ongeveer 'n uur lank bereid wees om vrae te beantwoord en jou resultate verdedig. Die praktiese vormingsdeel aan die ander kant, soos reeds genoem, is in die vorm van 'n 'stage' van 3 maande by 'n predikant in 'n gemeente.

Vraag: Ons lees ook dat daar blykbaar meer buitelandse studente by die TU studeer?
Enno: Die laatste tyd is daar inderdaad meer buitelandse studente by die TU soos uit Korea en die Oos-blok lande. Sommige vir een jaar, ander vir meerdere jare. Ook is daar vir my gevoel duidelik 'n verskuiwing en meer oriëntasie in die rigting van die Engelse teologie om dit so uit te druk; die Engelse tradisie, Anglikaans, Presbiteriaans, en Evangelicals. 'n Mooi voorbeeld is my dosent Hebreeus wat onlangs sy doktersgraad in Oxford gehaal het. Ook ander dosente veral prof van Bruggen het baie kontakte in Amerika en gee daar ook gaslesings. Daar is ook planne om dosente en studente uit te ruil, oor en weer gaslesings aan te bied en samewerkingsprojekte te organiseer.

Vraag: Het daar in die afgelope 5-10 jaar beduidende veranderinge by die TU plaasgevind bv. meer praktykgerigte onderrig en hulp aan studente om moontlike angs om die pastorie in te gaan, aan te spreek?
Enno: Wat dit betref het daar die laaste 10 jaar baie verander by die TU. Die opleiding het meer praktykgerig geword en die voorbereiding van die student op die pastorie kry meer aandag. Die 'stage' in die laaste jaar en 'snuffelstages' van een week by predikante al eerder in die opleiding in die vierde en vyfde jare, is voorbeelde daarvan. Ook wat die vakpakket betref is daar baie verandering. Vakke soos psigologie, onderwyskunde ens. word nou ook aangebied om vir jou latere werk soos die pastoraat en kategese van nut te wees. Wat angs vir die pastorie betref dink ek dat studente wat ernstig gestudeer het en hulle eie swak en goeie punte goed in die oog te kry, nie regtig bang is vir die pastorie en die werk nie. Die groot vraag waarmee ekself wel sit is of jy die druk kan hanteer. Die onderdele weet jy, wat van jou verwag word, wat jy moet doen, waarin jy goed en minder goed is. Maar in die pastorie kom daarby 'n groot werksdruk en daar kom kritiek. Kan jy daarmee omgaan as die kritiek langdurig word, en skerp? Kan jy met die moeites wat gemeentelede het, psigiese moeites maar ook geloofsvrae en onsekerhede, kan jy daar genoegsaam mee omgaan? Kan jy regtig langs lidmate staan om saam met hulle na te dink en om saam 'n weg te soek in die geloof? Kan jy egter ook terselfdertyd afstand hou en nie al hulle sorge en laste ook op jou neem nie?

Vraag: Is daar duidelike positiewe ontwikkelinge in die Nederlandse kerke na jou mening?
Enno: Vir my miskien die belangrikste is dat daar op hierdie oomblik 'n bereidheid is om 'n slag goed na ons self te kyk. Wie is ons, waar kom ons vandaan, waarom doen ons dinge soos ons hulle doen. En dan nie om pure vernuwingsdrang nie, uiteraard is daar mense wat daardeur gedryf word, maar 'n regte goeie selfkritiek, bereidheid om oor dinge te praat en nie by voorbaat dinge as 'nie ter diskussie' te reserveer nie. So van: jy mag nie hieroor praat nie en dit moet so want dit was altyd so. Ook waar ons gefouteer het en dit beter kan doen. Uiteraard is daar die gevaar dat alles tegelykertyd ter diskussie gestel word wat kan aanleiding gee tot wanorde en onsekerheid. 'n Vraag waaroor baie selfondersoek plaasvind is die uitstraling na buite as kerke in Nederland of nog wyer. Vrygemaaktes is baie goed in organisasie en dit het sy voordele en sy goeie kante. Maar dit het ook die gevaar dat daar 'n gevoel kan ontstaan dat indien alles maar goed georganiseer is, dan is die saak reg. As alles goed loop en goed draai, is dit reg. Nou word daar meer nagedink oor wat dit beteken om Christen te wees, wat dit beteken om gemeente of kerk te wees. Dus nie alleen die vraag 'doen ons die dinge goed' nie, maar 'doen ons die goeie dinge'.

Vraag: Julle het seker nog kontakte met broeders en susters in Suid-Afrika – is daar iets positief wat jou opval wat in ons kerke gebeur?
Enno: Di. Breytenbach en Nel was ons bure vir 'n rukkie en ook deur die pers bly ons tot 'n mate op hoogte. Iets waaroor ek self baie bly is, is die afrikanisering van die Vrye Gereformeerde Kerke. Ons het wel 'n tyd lank die pand goed bewaar en dit is ook goed dat dit gebeur - ons mag dit nooit weggooi en verloor nie, maar ons moet dit ook uitdra. Dit gebeur nou op 'n manier waaroor ek baie bly is. Dit is nie 'n manier waarop die emigrante die plaaslike mense kom vertel hoe dit almal gedoen moet word en waar hulle gefouteer het en dit beter moet doen nie. Dit word nou saam gedoen, Afrikaners en emigrante, tweede en derde generasie emigrante is na-tuurlik ook Afrikaners, maar met verskillende agtergronde wat nou saam verder gaan, wat van mekaar leer, mekaar verder help en op die manier verryk.

Vraag: Iets oor jou toekomsplanne?
Enno: Ek het die studie begin, en ek voel nog steeds dat ek dominee wil word en die pastorie wil ingaan. Ek het nie studeer om 'n teoloog te word of 'n dosent

aan een of ander instelling nie. Nie dat ek dit by voorbaat afwys nie, maar dit was nie die doel van die studie gewees nie.

Namens die redaksie van Kompas sterkte toegewens aan Enno en Herma met die afronding van die studies.

DAGBOEKE 2001:

1. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: 365 dagstukkies vir gebruik met persoonlike Bybellees en huisgodsdiens. Prys R25
2. Bybels Dagboek 2001 waarin dertien predikant van die Vryg. Geref. Kerke in Nederland vir elke dag ‘n oordenking skryf. Prys R74.95

Standaard (R45) en luukse (R150) Psalmboeke beskikbaar. Baie netjiese kunsleer Bybel- en Psalmboek-oortreksels ook verkrygbaar in bruinrooi, bruin, blou en swart. R19,50 en R15.

VAN BRUGGEN, J: The sermon on the mount – die vertaling van ‘Bergredegids vir Christene’. R 40